

## Summary

**Title:** Heidegger: Technology, Truth and Language.  
**Author:** Catherine Frances Botha  
**Supervisor:** Mr. M. J. Schoeman  
**Degree:** Magister Artium (Philosophy)  
**Department:** Philosophy  
**Language:** English

Martin Heidegger is one of the most important philosophers to have made the age of technology central to his thought. The aim of this study is to gain a critical perspective on how Heidegger viewed man's forgetfulness of Being and the concomitant erosion of responsiveness in language and thinking induced by technology. An in-depth investigation of Heidegger's ideas on technology is irrevocably linked to his ideas on truth and language. One issue I investigate in this study is whether this linkage is fruitful and tenable.

According to Heidegger, the major epochs in Western history are actually stages in the steady decline in Western man's understanding of what it means to 'be'. In the technological age, for something to 'be' means for it to be raw material - part of the endless process of production and consumption. For Heidegger, the horror of the technological age is that man is also seen as raw material. Thus, the 'question concerning technology' is ultimately a question about human dignity.

My main concern is whether Heidegger's ideas regarding technology, truth and language have any meaning or relevance for modern man. Are there not other, more plausible accounts of the origins of modern technology and of how to limit its destructive features? I explore Heidegger's ideas in this regard and contrast them with the ideas of his critics.

A focal point in this study will be Heidegger's notion of technology as *Gestell* (Enframing). According to Heidegger, Enframing is the mode in which Being manifests itself in the age of technology. Enframing allows man to reveal reality as standing reserve (*Bestand*). It reduces the metaphorical expressive powers of language and thinking, in order to make reality calculable and manipulable. For Heidegger, Enframing is the supreme danger, because it causes the event of revealing (Being itself) to slip into oblivion. As a result, man is no longer Dasein as an open possibility, but rather a grounded actuality, a fixed identity. A human being fully adapted to the technological world would no longer be human, because of his complete forgetfulness of Being. Heidegger claims that the *Heimatlosigkeit* (homelessness) of contemporary man is related to the 'dis-essencing' of language and thinking. The fixating of truth within the *Gestell* exiles man from his essence, namely to be Dasein. There is no longer a relation to the openness of Being, for the possible becomes identical to the real.

To counter this, Heidegger suggests an attitude of *Gelassenheit* (releasement), whereby thinking listens to language and allows it to move back into its element (Being). In the modern era, dominated by an increasingly technologised use of language, the caring for the word requires

us to reach back into the abyss of silence, in search of a language capable of speaking Being in all its otherness and unpredictability. Heidegger suggests that by means of poetic thinking, the priority of logos over logic can be reaffirmed, in a time when the reign of a purely instrumental logic has reached dangerous proportions.

In this study, I investigate whether Heidegger's conclusion that all human activity is reduced to *Gestell* is plausible. Is this perhaps not just another form of totalising thinking? Even if one agrees with Heidegger, the question remains whether an attitude of *Gelassenheit* is an adequate solution to this conclusion. Can one still retain ideas like human freedom and moral agency in terms of his philosophy? Many critics have voiced doubts as to whether Heidegger's thought concerning technology provides the resources for a genuine rethinking of action. I investigate these and related questions drawing on the works of various critics.

In Chapter 1, I outline the basic research questions of the study, and include a brief biographical overview of Heidegger's life. In this section, I investigate the problem of Heidegger's involvement with National Socialism and discuss some of the numerous texts that have been elicited by this involvement. In Chapter 2, I lay the groundwork upon which I build my exposition on Heidegger's thought on truth, language and technology, by discussing Heidegger's conception of Being and also of human being. Chapter 3 of this study is devoted to an elucidation of Heidegger's thought on truth. Chapter 4 is an explanation of Heidegger's ideas on language and Chapter 5 deals with his views on technology. In each of these chapters, I show the development of Heidegger's thought through *Being and Time* into his 'later' works. I reserve Chapter 6 for a critical appreciation of the ideas expounded upon in the preceding chapters on technology, truth and language.

I conclude that Heidegger's ideas on technology, truth and language are indeed of value for modern human being. In addition, I demonstrate that the various criticisms of Heidegger's work that I explore are based on a misunderstanding of his texts. His ideas on freedom and the ethics that lies implicit in the texts give us, in my opinion, valuable insights into issues that are of crucial importance today. I conclude that a turning back to Heidegger may give us a new way of thinking about the emptiness human being faces in contemporary times.

**Key Terms:** Heidegger, Technology, Truth, Language, *Gestell*, *Gelassenheit*, art, freedom, politics, National Socialism, Being.

## Opsomming

<b>Titel:</b>	Heidegger: Tegnologie, Waarheid en Taal
<b>Skrywer:</b>	Catherine Frances Botha
<b>Studieleier:</b>	Mnr. M. J. Schoeman
<b>Graad:</b>	Magister Artium (Filosofie)
<b>Departement:</b>	Filosofie
<b>Taalmedium:</b>	Engels

Martin Heidegger is een van die belangrikste filosowe wat die era van tegnologie sentraal in sy denke geplaas het. Die doelwit van hierdie studie is om 'n kritiese perspektief te kry op Heidegger se opvatting oor *Seinsvergeessenheit* (Synsvergetelheid) en die gepaardgaande erosie van refleksiwiteit en ontvanklikheid in taal en denke, soos teweeggebring deur tegnologie. 'n Diepte-ondersoek van Heidegger se idees oor tegnologie is onherroepelik gekoppel aan sy opvatting oor waarheid en taal. Een vraagstuk wat ek in hierdie studie sal ondersoek is of hierdie koppeling inderdaad vrugbaar en houdbaar is.

Volgens Heidegger is die hoof tydperke in die Westerse geskiedenis in werklikheid stadia in 'n geskiedenis van verval - die geleidelike verval in die Westerse verstaan van wat dit beteken om te wees. Vir iets om te wees, in die tegnologiese era, moet dit onbewerkte materiaal of 'n grondstof wees - deel van die eindelose proses van vervaardiging en verbruik. Vir Heidegger is die afgrysligheid van die tegnologiese era dat die mens ook as grondstof beskou word. Dus is die 'vraag rondom tegnologie' uiteindelik 'n vraag oor menslike waardigheid.

My primêre besorgdheid is of Heidegger se idees aangaande tegnologie, waarheid en taal enige betekenis of toepaslikheid vir die moderne mens het. Is daar nie ander, meer aanneemlike verduidelikings vir die oorsprong van die moderne tegnologie en hoe om die vernietigende gevolge daarvan te beperk nie? Ek ondersoek Heidegger se idees in hierdie verband en kontrasteer dit met die idees van sy kritici.

Heidegger se opvatting van tegnologie as *das Ge-stell* is 'n fokuspunt van hierdie studie. Volgens Heidegger is *das Ge-stell* die wyse waarop die Syn sigself manifesteer in die era van tegnologie. *Das Ge-stell* laat die mens toe om die werklikheid as beskikbare materiaal (*Bestand*) bloot te lê. Die werklikheid word meetbaar en manipuleerbaar gemaak, maar tegelykertyd is daar 'n verlies aan die metaforiese en ekspressiewe krag van taal en denke. Vir Heidegger is *das Ge-stell* die opperste gevaar omdat dit veroorsaak dat die gebeure van onthulling (die Syn self) wegsink in vergetelheid. Die resultaat is dat die mens nie meer Dasein as 'n oop moontlikheid is nie, maar eerder 'n gegronde essensie, 'n vasgestelde identiteit. 'n Mens wat ten volle aangepas is by die tegnologiese wêreld sal nie meer mens wees nie, en wel as gevolg van sy totale verontagsaming van die Syn. Heidegger gee voor dat die Heimatlosigkeit (ontheemdheid) van die kontemporêre mens verwant is aan die 'ont-wesenliking' (ontaarding) van taal en denke. Die vaslegging van die waarheid in die *Gestell* ontnem die mens van sy wese, naamlik om Dasein te wees. Daar is nie meer 'n verhouding teenoor die openheid van die

Syn nie, omdat die moontlike identies word aan die werklike (in die sin van dit wat voorhande is).

Om dit teen te werk, stel Heidegger 'n ingesteldheid van *Gelassenheit* (gelatenheid) voor, waarvolgens denke ontvanklik word en 'luister' na taal, en aldus 'toelaat' vir 'n terugkeer na sy element (die Syn). In die moderne era, gekenmerk deur die toenemende vertegnologiseerde gebruik van taal, verg die omsien na die woord 'n inkeer in die bodemlose stilte op soek na 'n taal wat iets kan weergee van die Syn in sy andersheid en onvoorspelbaarheid. In 'n tyd waarin die heerskappy van 'n suiwer instrumentele logika gevaarlike afmetings aangeneem het, stel Heidegger 'n soort poëtiese denke voor waardeur die prioriteit van die logos bo die logika herbevestig kan word.

In hierdie studie ondersoek ek of Heidegger se gevolgtrekking dat alle menslike aktiwiteit gereduseer is tot *Ge-stell* inderdaad houdbaar is. Is dit nie dalk net 'n ander vorm van totaliserende denke nie? Selfs al stem mens saam met Heidegger se gevolgtrekking, bly die vraag of 'n benadering van *Gelassenheit* 'n voldoende antwoord is daarop. Kan idees soos menslike vryheid en morele agentskap hoegenaamd nog gehandhaaf word in terme van sy filosofie? Vele kritici betwyfel dit of Heidegger se denke aangaande die tegnologie ons hoegenaamd in staat stel tot 'n werklike herbedinking van handeling. Hierdie en ander vrae wat daarmee verband hou, word grondig ondersoek met verwysing na sommige van Heidegger se kritici.

In Hoofstuk 1 omskryf ek die basiese navorsingsvrae van die studie en sluit 'n kort oorsig van Heidegger se lewe in. In hierdie afdeling ondersoek ek die probleem van Heidegger se betrokkenheid by die Nasionaal-Sosialisme en bespreek ek die veelvoudige tekste wat hierdie betrokkenheid tot gevolg gehad het. In Hoofstuk 2 word die basis gelê waarop ek my uiteensetting van Heidegger se denke oor die waarheid, taal en tegnologie bou, en wel deur 'n bespreking van Heidegger se begrip van die Syn sowel as die mens. Hoofstuk 3 van die studie word gewy aan 'n verduideliking van Heidegger se denke oor die waarheid. Hoofstuk 4 is 'n verduideliking van Heidegger se idees oor taal, en Hoofstuk 5 handel oor sy opvattinge aangaande tegnologie. In elk van hierdie hoofstukke beoog ek om die ontwikkelingsgang van Heidegger se denke, vanaf *Sein und Zeit* tot in sy 'latere' werke aan te toon. In Hoofstuk 6 volg ten slotte 'n kritiese waardering van die idees soos uiteengesit in die voorafgaande hoofstukke oor tegnologie, waarheid en taal.

Ek kom tot die slotsom dat Heidegger se idees oor tegnologie, waarheid en taal wel waardevol is vir die moderne mens. Ek toon aan dat talle van die kritiek wat teen Heidegger geopper word gebaseer is op 'n problematiese verstaan van Heidegger se tekste. Sy idees oor vryheid en die etiek wat implisiet in sy tekste opgesluit lê, lewer volgens my, waardevolle insigte tot die vraagstukke wat van belang is vandag. Ek glo dat 'n egte ontmoeting met Heidegger 'n nuwe manier van denke oor die leegheid wat die kontemporêre mens ervaar kan ontsluit.

**Sleutelwoorde:** Heidegger, tegnologie, waarheid, taal, *Gestell*, *Gelassenheit*, kuns, vryheid, politiek, Nasionaal-Sosialisme, die Syn.